# Pro forma vir Boer van die Jaar

Nominasies MOET aan die hand van die pro forma gedoen word, sodat dit eenvormig is en die beoordelaars die kandidate sinvol met mekaar kan vergelyk. Nominasies wat hiervan afwyk, sal nie aanvaar word nie.

Die doel van die nuwe pro forma is om kandidate aan die hand van volhoubaarheid te meet. Volhoubaarheid verwys na die wyse waarvolgens iemand boer sodat dit hom/haar in staat stel om sukses op alle gebiede te behaal, maar steeds kan voortgaan om suksesvol te boer en die grond en boerdery terselfdertyd op so ’n wyse te hanteer dat sy/haar nageslag ook daarop sal kan boer.

Punt 1 beskryf die kandidaat se boerdery, terwyl punte 2 tot 6 die vyf bene is waarop volhoubaarheid rus. Die een kan nie sonder die ander klaarkom nie:

- Handhawing en verhoging van biologiese produktiwiteit.
- Verlaging van risiko's om groter sekuriteit te verseker.
- Instandhouding en bestuur van die natuurlike hulpbronne.
- Ekonomiese lewensvatbaarheid.
- Sosiale aanvaarbaarheid en verantwoordbaarheid.

1. **Die boerdery** **(20 punte)**
   Ter agtergrond, beskryf volledig die aard en omvang van die boerdery-onderneming ten einde die beoordelaars in staat te stel om op die kandidaat se eiesoortigheid te fokus. Vermeld kortliks sy/haar kwalifikasies, hetsy grade/diplomas of ander kursusse en indiensopleiding wat hy/sy ondergaan het om hom/haar beter vir sy/haar boerdery te bekwaam.

2. **Biologiese produktiwiteit** **(20 punte)**
   Beskryf hoe die kandidaat die boerdery se biologiese produktiwiteit handhaaf en verhoog, met ander woorde, hoe suksesvol wend die kandidaat die beskikbare grond aan om te produseer. In die geval van ’n veeboer verwys dit onder meer na die kalfpersentasie, speenmassa, interkalfperiode en mortaliteite. Doen dit by wyse van persentasies aan en vergelyk dit met die aanvaarde grenswaardes. In die geval van ’n saai-, vrugte- of groenteboer moet die nomineerder na opbrengste per hektaar en ander tersaaklike norme vir die bedryf verwys en dit met die bedryf se aanvaarde norme vergelyk.

3. **Verskansing teen alle vorme van risiko** **(20 punte)**
   Identifiseer al die risikofaktore wat ‘n impak op die onderneming kan uitoefen. Watter stappe word deur die kandidaat gedoen om die boerdery se risiko te verlaag en sodoende groter sekuriteit aan die boerdery te verleen? Wat sit die proses aan die gang dat die boer iets as ‘n risiko beskou? Is hy/sy ‘n risikonemers of ‘n risikovermyder? Is hy/sy reaktief of pro-aktief? Hoe pas die kandidaat hom/haar by veranderende omstandighede aan. Meld veranderings wat ook ’n rol in die boer se doen en late speel. Beskryf wat hy/sy doen om op die hoogte van die veranderings te bly en op watter wyse hy/sy die uitdagings in geleenthede omskep.

4. **Instandhouding en bestuur van natuurlike hulpbronne (20 punte)**
   Hoe gaan die kandidaat te werk om die plaas se natuurlike hulpbronne in stand te hou en te verbeter? As die kandidaat ’n veeboer, hoe word die drakrag bepaal, gemeet en toegepas. In die geval van ’n saaiboer: watter bewerkingsmetodes word gevolg en waarom? Hoe gaan die boer te werk om grondgebruikspatrone te bepaal, byvoorbeeld die gebruik van satelliettegnologie (GPS,GIS, ens)

5. **Ekonomiese lewensvatbaarheid (20 punte)**
   Beskryf die kandidaat se werkswyse in die boerdery om ekonomiese lewensvatbaarheid te verseker. Beskryf hoe die kandidaat as boer ontwikkel het, met ander woorde, hoe hy/sy die boerdery opgebou en uitgebrei het vandat hy/sy daarby betrokke geraak het. Indien hy/sy geërf het, hoe het hy/sy waarde tot die boerdery toegevoeg en dit verder laat groei? Lê klem op die suksesse in die boerdery. Beskryf sy/haar finansiële bestuurstelsels en resultate volledig. Wat is die strategiese doelwitte? Hoe gereeld word dit geëvalueer en herdefinieer? Watter vorme van diversifisering kom in die boerdery voor. Anders gestel, waar is die onderneming geplaas binne die waardetoevoegingsketting?

6. **Sosiale verantwoordbaarheid en voogdyskap (20 punte)**
   Wat doen die kandidaat om te verseker dat die boerdery sosiaal aanvaarbaar en verantwoordbaar is? Dit gaan onder meer oor eie en werkersvergoeding, ondersteuning aan werkers en hul gesinne op sosiale vlak, ondersteuning aan die gemeenskap en bemagtiging. Beskryf wat die kandidaat vir die bedryf/bedrywe en georganiseerde landbou beteken. Met ander woorde, wat is sy/haar betrokkenheid in die gemeenskap? Vermeld erkenning wat hy/sy reeds ontvang en prestasies wat hy/sy behaal het. Dui aan tot watter mate hy/sy deur mede-boere as mentor aanvaar word. Watter gemeenskapsprojekte het hy/sy reeds begin en wat is die impak daarvan? Beskryf volledig die boer se verhouding met sy/haar werkers, die arbeidspraktyke, vergoedingstruktuur, huisvesting en bystand met persoonlike en gemeenskaps-aangeleenthede.